# NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2024

**Viering** van ons geloof en mekaar se lewensmomente

**2024.14**

Genesis 17:7; Galasiërs 3:26; 16; Matteus 28:19-20; Romeine 6:4; Handelinge 2:38-39; Handelinge 22:16; Kolossense 2:6-12

**Ons vier God se verbondsbelofte (2): die doop**

Die doop is nie 'n teken van ons eie geloof in die eerste plek nie, maar eerder 'n teken van God se ewige belofte aan ons. Dit word ook die verbondsdoop genoem, omdat dit 'n teken is van God se verbond (belofte) aan ons. Die verbond is 'n belofte wat God aan Abraham duisende jare gelede gemaak het dat God belowe het om Abraham en sy nageslag se God te wees. (Genesis 17:7). Vandag vier ons die genade dat ons ook hierdie belofte van God af ontvang, want deur Jesus is ons elkeen ook nou deel van God se verbondsfamilie. Die doop is nie iets wat ons verdien nie, maar 'n viering van die geskenk wat ons van God af kry.

Ons word deur die doop met Christus verenig (Galasiërs 3:26) en omdat Hy dié Nakomeling van Abraham is (Galasiërs 3:16), word ons dan ook, saam met Hom, nakomelinge van Abraham. Die doop is dus wesenlik deel van die verbond met Abraham.

Die doop lyf die dopelinge in die Abrahamverbond in. Dit beteken dat die Christelike doop die verbondsdoop is.

Die doop is een van 2 sakramente en en sakramente is heilige goed wat God vir en aan ons doen om ons geloof te verstrek. Sakramente is nie iets wat ons doen om ons geloof te bely of ons liefde aan God te wys nie. Nee dis iets wat ons net ontvang om ons geloof mee te verstrek. Dis soos 'n anker vir ons pad.

Die een sakrament is eenmalig en dis die doop. Die ander een is herhalend en dis die nagmaal. As ons die eenmalige sakrament wil herhaal deur ons te laat weer doop of herdoop is ons besig om vir God te sê dat ons Hom nie op Sy woord kan neem nie. Ons kan Hom eintlik nie glo nie en daarom moet Hy dit weer doen. Mens kan seker sê ja maar ek onthou niks daarvan nie, maar dis waarom die ouers vir die kind van sy/haar doop moet vertel en dit herdenk. Daarom word net die kinders van gelowige ouers gedoop en moet die ouers met die doop weer hulle geloof bely!

Die doop is egter nie magiese aksie aksie wat jou red nie. Nee dis net 'n bevestiging van God se onvoorwaardelike en onfeilbare liefde. Dis so goed soos jou geboortesertifikaat wat bewys dat jy wel deel is van die familie.

Leef daarom uit jou doop. Leef uit die wete dat God jou gekies het. Dis al geloofsekerheid wat daar bestaan. Ons sekerheid lê nie in onsself of in hoe goed ons is op probeer wees nie. Ons sekerheid lê in die karakter van God. Ons sekerheid lê in die liefde en genade van God. Of ek altyd glo weet ek nie, maar ek weet in WIE ek glo.

- https://dinkjeug.co.za/hoekom-doop-ons/
- https://www.bybelkennis.co.za/terug-na-die-ou-testament-die-christelike-doop-1/
- https://www.bybelkennis.co.za/terug-na-die-ou-testament-die-christelike-doop-2/
- https://www.bybelkennis.co.za/terug-na-die-ou-testament-die-christelike-doop-3/

| | |
|---|---|
| | Dink bietjie:<br>• Wat beteken dit vir jou dat jy gedoop is?<br>• Watter verskil maak dit vir jou dat ons God se genade in die doop vier en nie ons geloof nie?<br>• “Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag.” Wat beteken hierdie woorde vir jou? |
| | *Vir die groepgesprek:*<br>1. Hoe belangrik ag mense vandag die doopbeloftes (wat hulle aflê)?<br>2. Dink julle ouers vertel vir hulle kinders wat die waarde van hulle doop is?<br>3. Dink julle dat die doop jou ‘n plek in die hemel waarborg?<br><br>*Vanuit die teksgedeeltes:*<br>1. Waarom is ons Abraham se nageslag (Galasiërs 3:16 en 26)?<br>2. Kom ons nog Jesus se opdrag in Matteus 28:19-20 na?<br>3. Hoe kan die doop ons ‘n deel aan Christus gee (Romeine 6:4)?<br>4. Waarvan is die doop ‘n waarborg?  (Handelinge 2:38-39; 22:16)<br>5. Lees Kolossense 2:6-12. Vertel vir mekaar hoe julle hierdie teks interpreteer. [onthou elkeen se menings is belangrik – nie reg of verkeerd nie!)<br>6. Wat dink julle moet ons doen om weer so in Hom gewortel en op Hom gebou te kan wees? |
| | • Vind uit wanneer elkeen se doopdatum is en vier elke jaar op daardie dae ‘n “doop-verjaarsdag” saam met daardie lidcom hulle te herinner dat hulle God se kind is.<br>• Vul ‘n bakkie met water en sit dit op julle etenstafel. Voor julle saam eet, gebruik ‘n oomblik om jul doop te vier. Julle kan byvoorbeeld elkeen ‘n vinger in die water doop en dan hardop bid: “Dankie Jesus dat ek gedoop is. Dankie dat U vir my lief is en altyd by my is.” |